Noordelike Sinode

Taakspan: Vroeë Kinderontwikkeling in terme van armoede verligting

Verslag aan die SDR-vergadering van 1 November 2019

1. Opdrag

Evalueer bestaande modelle en ondersoek ander moontlike modelle wat gaan help dat die NG kerk ’n wesenlike verskil kan maak om die skaal van armoedeverligting te skuif deur VKO met die oog die implimentering van ’n effektiewe VKO strategie.

2. Afhandelingsdatum

Oktober 2019

3. Taakspanlede

Lizette van Rooyen
Ilze de Beer
Ronel Aylward
Antje du Plessis
Rieneke Schutte
Marinda van Niekerk
Riekie Terblanche
Botha van Aarde
Maryke Venter
Jenny Mcarthy
Pieter Visser

4. Uitvoering van die opdrag

Die bestaande modelle wat ge-evalueer is:

1. PEN
2. CMR (Derdepoort, Lotus gardens en Soshanguve)
3. Roger Federer – READ Educational Trust
4. Click Foundation

5. SOUNS
6. RIVINGO- Hannes van der Walt (hy doe nook ‘n kursus VKO kursus by die “Centre for Contextual Ministry”
7. VVOS (Vereniging vir Voorskoolse opvoeding en sorg)
8. POPUP (Doxa Deo)
9. Play with a purpose
10. Ddlala & Mila (aktiwiteitskalender)
11. Nali Bali
12. SA Cares for life

Verdere ondersoek:

Die modelle wat gebruik word deur die CMR Derdepoort en deur PEN aksie is verder ondersoek deur besoeke af te lê aan die onderskeie organisasies.

5. Aanbevelings

1. Die kerk se taak is om God se Vaderhart aan gemeenskappe oor te dra. Daarom moet gemeentes meer bewus gemaak word van VKO en gemotifeer word om daarby betrokke te raak.
Goedgekeur

2. Ons voorstel is dat ons in Brits en Hammanskraal volgende jaar programme loods wat gerig is op VKO in gemeentes en ook gemeenskappe buite die gemeentes. Ons sal graag volgende jaar Oktober verslag wil doen oor die twee projekte en ‘n strategie voorstel wat aangepas kan word om in verskillende gemeentes gebruik te word om VKO te fasiliteer.
Goedgekeur

3. Ons wil SDR lede vir insette oor VKO vra waar moontlik. Indien daar meer inligting gesoek word, laat weet ons. Ons sal waar daar ‘n behoefte is, werkswinkels aanbied en besoeke aflê by gemeentes. Daar sal ook ‘n behoefte bepaling vraelys beskikbaar gestel word vir gemeentes wat dit verlang.
Goedgekeur

4. Ons versoek asb nog manne om aktief deel te raak van die VKO.
Kennis geneem

5. Ons versoek dat die taakspan se opdrag verleng word tot Oktober 2020.
Goedgekeur

6. Slotwoord

Ons het nog ‘n lang pad in Suid-Afrika om te gaan om die toeganklikheid van onderwys vir jong kinders, of te wel vroeë kinderontwikkeling te verbeter.

Volgens statistieke van News24 oor die ontwikkeling wat geskied in die vroeë kinderjare, het dit aan die lig gekom dat 80% van die jong kinders in Suid-Afrika nie toegang tot onderwys of vroeë kinderontwikkeling het voor hulle eerste jaar op skool nie. ‘n Ander probleem is dat baie kleuterskole nie die nodige akkreditasie het nie, wat lei tot skoolstrukture waar die meeste onderwysers oppassers word in plaas van onderwysers.

Dit lei tot ‘n groter krisis in ons land in terme van die volgende geslagte. Aan die een kant sien ons dat namate kinders van kleins af gewoond raak aan onderrig, raak hulle meer entoesiasties en oop om meer te leer. Hul entoesiasme om vaardighede op te doen en opgelei te word, word groter as voorheen. Vroeë kinderopleiding stel hulle in staat om suksesvol te wees eendag deurdat hulle verdere skoolopleiding ontvang en selfs verdere studies by ‘n universiteit of naskoolse onderwys en opleidings instansie.

Die teenoorgestelde is egter ook waar. Waar kinders nie van vroeg af blootgestel word aan vroeë kinderopleiding, wys die statistieke dat die moontlik groot is dat hulle in hulle eerste jare op skool akademies begin sukkel of nie kan bybly nie en verloor hulle moed om verder te leer. Dit lei daarnatoe dat hulle vroeg uit die skool uitval, gewoonlik nie matriek skryf of na skool ‘n instansie vir verdere onderwys en opleiding bywoon nie. Omrede hierdie vroeë boustene, wat deur die vroeë kinderontwikkeling neergelê kon word nie daar is nie, kan hulle nie die potensiaal wat hulle reeds as kleuters gehad het ontgin om eendag verdere onderwys en opleiding te kan ontvang. Dit dra by tot die faktor dat ons land moontlik in die toekoms ‘n verdere tekort gaan hê aan profesionele persone en persone wat die werksmag betree. Nie omdat daar nie die potensiaal in ons landsburgers is nie, maar omrede daar nie vroeg genoeg begin is om hierdie potensiaal te ontgin nie.

Die kerk kan hierin ‘n groot rol speel. Ons moet heel eerstens ons gemeentes bewus maak van hierdie krisis en die potensiaal vir ons om ‘n verskil te maak. Dan moet ons ook ons gemeentes aanmoedig om by vroeë kinderontwikkeling strategieë en inisiatiewe betrokke te raak. Ons kan as kerk vir kleuterskole in die gemeenskappe waar ons gemeente is en die res van ons land ‘n bron van hoop, hulp, opleiding en ondersteuning wees wat spesifiek gemik is op kwaliteit vroeë kinderontwikkeling. As ons dit doen kan ons bydrae tot verdere armoede verligting deur die volgende geslagte, wie dan hulle volle potensiaal kan bereik en so die arbeidsmag in ons land kan betree en die ekonomie van ons land kan versterk. Dit eerder as wat mense in armoede of misdaad verval omrede hulle as gevolg van faktore buite hulle beheer, nie vroegtydig blootgestel kon word aan genoegsame VKO in hulle kleuterjare nie.

President Cyril Ramaphosa, het by die SoNA 2018 gesê: “If we are to break the cycle of poverty, we need to educate the children of the poor.” Dit is binne ons kerk se bereik om die siklus van armoede te kan breek deur ons deel te doen in terme van vroeë kinderontwikkeling.